higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N390**(A)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

5 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Maak altyd seker dat jy kinders alleen laat in die isolasie-area.

1.2 Veiligheid is baie belangrik, aangesien 'n driejarige kind nie gevaar kan voorsien nie.

1.3 Peuters is egosentries en sien dinge uit ander mense se perspektief.

1.4 Buitenshuise speelareas moet naby aan die dagsorgsentrum se binnenshuise area wees.

1.5 Peuters moet stil gehou word wanneer hulle buite speel.

1.6 Noodhulpvoorrade moet eenkeer 'n maand vervang word.

1.7 Kinders voel altyd onveilig in 'n georganiseerde omgewing.

1.8 'n Konstante harde lawaai verbeter 'n peuter se konsentrasie.

1.9 Sintetiese bedekkings is die mees geskikte vloerbedekkings vir 'n dagsorgsentrum.

1.10 Warm en helder kleure moet in die stil areas van die speelkamer gebruik word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	'n Groep musikante wat saam op 'n verskeidenheid instrumente speel	A	dinamiek/dinamika
2.2	Trompet, horing, tromboon	B	snaarinstrumente
2.3	'n Kind loop rond terwyl jy musiek op 'n drom speel. Sodra jy vinniger speel, begin die kind draf.	C	melodiese instrumente
2.4	Ritme, melodie, tekstuur, vorm	D	orkes
2.5	Marakkas/kalbasratels, simbale, kastanjette	E	ekspressiewe elemente/ uitdrukkingselemente
2.6	Die leier van 'n orkes wat 'n stok gebruik om vir die spelers te wys wanneer om te begin of op te hou speel	F	blaasinstrumente
2.7	Klank, tempo, dinamiek	G	dirigent
2.8	Viool, tjello, mandolien	H	klank
2.9	Wanneer die musiek sag speel, beweeg al die kinders op hul tone, en wanneer die musiek hard speel, stamp hulle hul voete	I	nie-melodiese instrumente
2.10	Xilofoon, klokkespel/toonstawe, Glockenspiel	J	samestellende elemente
		K	ritme
		L	tempo

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Kinders van dieselfde ouderdomsgroep

3.2 Slaap-, eet- en toiletareas

3.3 Die (uit)klank van woorde en lettergrepe

3.4 Die waardering van skoonheid

3.5 Identifisering of saamgroepering van voorwerpe van 'n spesifieke groep

3.6 'n Sentrale onderwerp waaromheen aktiwiteite beplan word

3.7 Die gebruik van mens se verbeelding om iets te maak

3.8 Verstandelike aktiwiteite en vaardighede vir die uitvoering van take soos redenasie en begrip

3.9 Wanneer 'n kind verskillende klanke kan identifiseer

3.10 Die tipe spel waarin kinders speelgoed soos blokkies en voorwerpe gebruik om strukture te bou

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE vereistes vir die slaaparea. (3)

4.2 Verduidelik die waarde van morsige spel/brouspel vir 'n kind. (5 × 2) (10)

4.3 Bespreek die algemene vereistes vir die opstel van 'n ontdekkingstafel. (10)

4.4 Noem VYF geskikte hulpmiddele/apparate wat peuters kan gebruik om met die ontwikkeling van hul groot motoriese vaardighede te help. (5)

4.5 Verduidelik hoe mens seker kan maak dat die deure in die dagsorgsentrum veilig is. (5)

4.6 Die aktiwiteitareas maak dit vir kinders moontlik om veilige materiale wat spesiaal vir hulle ontwerp is te ontdek/ondersoek en om daarmee te speel.

4.6.1 Noem VYF aktiwiteitareas wat in 'n dagsorgsentrum voorkom. (5)

4.6.2 Bespreek hoe hierdie areas tot voordeel van die kind kan strek.
(5 × 2) (10)

4.7 Definieer *fantasiespel.* (2)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem die voordele van skriftelike beplanning. (10)

5.2 Verduidelik die belangrikheid daarvan om vir peuters liedjies en rympies te leer. (5)

5.3 Gee VYF reëls wat in die boekhoekie nagekom moet word. (5)

5.4 Verduidelik die rol en pligte van educare-werkers in 'n oopplansituasie waarin groepe van kamer tot kamer roteer, en hoe dit beheer/bestuur moet word. (5 × 2) (10)

5.5 Stel 'n kontrolelys op met TIEN vereistes vir die kies van stories vir peuters. (10)

5.6 Bespreek die kriteria vir die keuse van geskikte temas vir peuters. (10)
[50]

VRAAG 6

6.1 Noem VYF mediums wat gebruik kan word om plakkate te maak. (5)

6.2 'n Kreatiewe/skeppende les kan oor 'n week, van Maandag tot Vrydag, strek.
Skryf die hoofaktiwiteite neer wat peuters oor 'n week kan doen vir 'n kreatiewe les oor die tema *blomme*. (5 × 2) (10)

6.3 Noem VYF slaginstrumente wat peuters kan gebruik. (5)

6.4 Gee DRIE redes hoekom 'n kind nie aan 'n musiekaktiwiteit mag wil deelneem nie. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.5 Jy doen jou praktiese opleiding by die Klein Beertjies Dagsorgsentrum in Durban. Die educare-werker vra jou om 'n morsige speletjie/brou-aktiwiteit vir die peuters in haar klas aan te bied.

Kopieer die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK en skryf die lesplan neer van die les wat jy gaan aanbied.

AKTWITEIT	HULPMIDDELE	DOEL/DOELWIT
INLEIDING		
(2)	(2)	(2)
INHOUD		
(5)	(2)	(5)
AFSLUITING		
(2)	(2)	(2)

Jou les behoort die volgende in te sluit:

INLEIDING
a) Aktiwiteit (2)
b) Hulpmiddele/apparate (2)
c) Doelwit (2)

INHOUD
a) Aktiwiteit (5)
b) Hulpmiddele/apparate (2)
c) Doelwit (5)

AFSLUITING
a) Aktiwititeit (2)
b) Hulpmiddele/apparate (2)
c) Doelwit (2)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou